

Hoofstuk 4

Die funksionering van Bybelse inhoud in pastorale gesprekke: 'n aantal verhale van pastors

4.1 Proses vir die insameling van individuele evaluasiegesprekke

Willig (2001:16) laat hom soos volg oor hierdie saak uit: “In qualitative research the objective of data collection is to create a comprehensive record of participant’s words and actions.” In my navorsing is besluit om die evaluasie-onderhoud te gebruik (Rubin & Rubin, 1995:27). Deur bepaalde vra te stel, stuur die gespreksvoerder die onderhoud om bepaalde inligting te bekom sodat sekere aspekte, prosesse en metodes van belang bestudeer kan word. Daar moet egter duidelik gestel word dat die doel van die gesprek nie is om net die gespreksgenoot se storie te hoor nie, maar ook die betekenis wat sodanig daaraan koppel. Willig (2001:22) wys daarop deur te sê: “In semi-structured interviewing, the emphasis is upon meaning rather than lexical comparability. This means that the researcher needs to try to understand what the interviewee *meant* by what she or he said.”

In die huidige navorsing is die volgende prosedure gevolg. Daar is begin deur aandag te skenk aan die basiese “etiese oorwegings” wat geld in die optrede teenoor medenavorsers. Die nodige vrywaringsvorm is opgestel (sien Bylae A) waarin die volgende aspekte aandag geniet het en waarna Willig (2001:18) verwys, naamlik:

- “Informed consent: ...participants are fully informed about the research procedure and give their consent to participate in the research before data collection takes place.
- No deception.
- Right to withdraw.
- Debriefing.
- Confidentiality.”

Nadat die navorsers ingestem het om deel te neem aan die navorsing, is van hulle verwag om 'n beradingsessie met die nodige toestemming van die kliënt (sien Bylae B) op te neem. Hierdie gesprek is op band geneem en is bloot gebruik om na te luister en as vertrekpunt te dien in die individuele gesprekke wat gaan volg met die mede-navorsers.

Die individuele evaluasie-gesprekke met die gespreksgenote is ook op band geneem en daarna verbatim getik. Daar is besluit om die twee aanvanklike verbatim gesprekke met die navorsers in die hoofstuk weer te gee, sodat die leser die gesprekke kan lees om te sien waarmee die navorser gewerk het. Om vertroulikheidsredes is die name van die navorsers met fiktiewe name vervang.

4.1.1 Verbatim gesprekke met die gespreksgenote

4.1.1.1 Gesprek een met Pieter: 15 Junie 2004 om 13:00

D: Pieter, baie dankie dat ek met jou in 'n gesprek kan tree. Dit is my individuele gesprekke met kandidate wat die narratiewe model gebruik in hulle pastoraat.

Ek gaan net so 'n inleidende vraag vra en die bedoeling is eintlik dat ek baie min praat en jy die meeste praatwerk gaan doen en dat jy kan uitbrei en jou mening en jou siening gee van dit wat ek jou vra en dan sal ek, as dit nodig is, verder vrae vra. Maar jy moet asseblief vry voel om te sê hoe jy voel en dink en hoe jy dit ervaar, want in die gesprek gaan dit regtig omdat ek wil luister wat is jou ervaring en hoe beleef jy die narratiewe model in jou pastoraat. Nou, ek gaan graag begin met net so openingsvraag om te vra, maar: Wat is jou ervaring in jou pastorale gesprekke, hoe funksioneer die Woord in jou gesprekke ?

P: Deon, die meeste van die tyd as iemand my kom sien uhm... is die Bybel nie prominent nie, dit staan nie voorop nie. Maar die probleem staan voorop en as ek dan praat van die probleem dan dink ek iemand wat kom sien vir terapie het een of ander probleem of een of ander lewenskrisis. So, die probleem is... is die vertrekpunt en soos ek dit sien of verstaan... meeste van die tyd is die probleem die vertrekpunt, die gesprek draai redelik intensief rondom die probleem uhm... probleme, sekere ongemaklikheid, ongelukkigheid wat ervaar word. En mettertyd eers umh... ek werk van die gesprek wat ons het terug na sekere Bybelgedeeltes wat ek dink ...as wat ek relevant beskou. Aan die ander kant moet ek sê somtyds is daar lidmate wat uhm... wat self al een of ander korrelasie gemaak het tussen hulle probleem en dan die Bybel en dan sekere opklaring daarvoor nodig het. En wat dan spesifiek vir my kom, ek sal sê, raad kom vra of inligting vra oor hoe verstaan ek die verband tussen die Bybel en die probleem.

D: Is daar ('n) spesifieke punt waarby jy wil uitkom of laat jy die gesprek loop in sy eie rigting?

P: Daar is nie 'n punt waarheen ek self mik nie. Daar is geen spesifieke uitkomst waarna ek self strewe nie. Ek voer 'n gesprek met 'n persoon absoluut aandagtig... ek luister na wat die persoon op die hart het, en dit lei ons na lewensprobleme, lewensvraagstukke wat weer lei na die Bybel toe. So ek self mik na nêrens. As ek met terapie begin, sal ek sê waar ek agter my lessenaar of op my stoel sit en jy vra my waarna toe mik ek, ek mik na nêrens.

D: Miskien kan ek jou vra om dit vir my so bietjie uit te brei. As die persoon met sy probleem nêrens 'n konnotasie maak na die Skrif toe of iets, laat jy dit daar of sal jy doelbewus dit probeer bybring?

P: Om reguit te antwoord, ek laat dit net daarby en ek sal nie doelbewus die Bybel bybring nie. Maar my ondervinding uit die pastoraat is dat daar nie lewensvraagstukke/ lewensprobleme wat geopper word wat nie 'n raakvlak met die Bybel het nie. Die Bybel is so omvangryke boek, dit is so 'n inklusiewe boek, so geweldig lewensvriendelike boek. Dat dit die probleem... noem 'n probleem waarmee 'n persoon kan kom en daar is 'n raakvlak met die Bybel en daai raakvlak sal ek nie maklik verbygaan nie. Ek sal dit, ek let op... ek let op vir die raakvlakke, die kontakpunte tussen die lewensprobleem, die lewenstorie en die groot storie of dan die klein storiëtjie in die Groot Boek.

D: Vertel my bietjie meer van die groot en die klein stories?

P: Ek sien die Bybel as... as 'n samevatting of 'n bundel - kom ons gebruik die metafoor van 'n digbundel. Daar is... daar is 'n groot verskeidenheid uhm gedigte binne hierdie bundel, daar is klein stories van Jakob, van Esau, van Jesus en die vrou by die put, van Petrus - daar is honderde, daar is letterlik duisende dink ek klein stories in die Bybel, wat, dan dink ek wat my betref onder die sambreel funksioneer van een groot boek van een groot God wat in Christus met mense op pad is. So, as ek dan praat van 'n klein storie, Jan of San of Piet wat my kom sien met 'n klein storie, al is dit somtyds 'n merkwaardige storie, meeste van die tyd 'n geweldige, 'n lewenskrisisagtige storie, maar ek koppel daardie storie hopelik met 'n klein storie in die Bybel wat 'n soortgelyke strekking het, 'n soort gelyke problematiek openbaar. Of dit nou kinderloosheid is, of dit egskeiding is, of dit homoseksualiteit is, uhm... of dit eensaamheid is, of dit bejaardheid is, maak nie saak wat die lewensdinamika oplewer nie, ek probeer dit koppel aan 'n klein storie wat deur die Bybel, maar dan as deel van 'n boek wat... wat nie net los bladsye het nie, maar wat een groot geweldige storie is van Genesis 1 tot Openbaring 22.

D: Voorsien jy dat, as ek nou jou eie term kan gebruik, die groter storie in die geheel van die Bybel, verhelder dit en help dit mense om hulle eie verhale te verstaan en sin te vind daarin of moet ons nie dit probeer doen nie?

P: Ek dink nie dit is 'n storie (nie), dit is 'n geval van om dit te probeer doen – ek is daar teen. (Ek)... probeer nie om 'n raakvlak te skep tussen 'n lewensverhaal en die Bybel. Maar die persoon se verhaal het 'n raakvlak, ek skep dit nie, daar

is 'n raakvlak en as 'n mens praat van die groot verhaal as ek dink in terme van verbond, verlossing, vir my is dit net so dat die verlossingsboodskap in Christus verhelder die klein storie van “stuckness” of van seerkry of van swaarkry. Verlossing en verbond of om te behoort of om 'n genadige goeie God te sien wat weer uit die toekoms oppad is. Dit maak hierdie lewenstorie, hierdie klein storiëtjies net beter, mooier en meer leefbaar.

D: Pieter, as ek dus reg hoor, as die persoon in sy kleiner verhaal - in die vertel daarvan en in die voortbeweeg van sy storie nie gaan uitkom by die groter verhaal van die Bybel of Skrif nie dan gaan jy ook saam met die persoon. Jy vat hom nie noodwendig terug na die groter verhaal of voel dat hy daar 'n antwoord moet kry nie.

P: Nee! Ek gaan nie met... in terapie in met die vooropgestelde gedagte dat ek uhm... by die groot storie moet en gaan uitkom nie. Maar laat ek my in 'n sin weer herhaal op wat ek gesê het, my ervaring is en dit is nie my... dit is nie die teoretiese standpunt wat ek huldig nie, dit is my ervaring. Daar is 'n raakvlak tussen lewe en Skrif. So, die persone bring, ek sou sê vanuit die verstaan dat hulle my sien as 'n pastor, as iemand wat met die Woord van God werk en wat in die gemeente werk, 'n dominee, kom hulle met die verwagting met die agtergrond dat, hier gaan ons 'n man vind en 'n Boek. En vroeër of later in... ek kan bykans sê al my pastorale gesprekke wat ek my kan herinner later is die... die persoon se verhaal sowel as die Bybel se verhaal op die tafel gelyk. Maar ek gaan nie en sit dit vooraf... kom ek sê dit so... ek open nie met Skriflesing en gebed (nie).

- D:** Jy het nou self die woorde gebruik ek as dominee, of die mense kom na my toe as leraar, iemand wat 'n teoloog is. Met ander woorde, as ek jou dan daarop reg verstaan, is dit nie jou vooropgestelde idee om te sê ek moet die Skrif in my pastoraat gebruik nie?
- P:** Nee die moet, die woord moet sak, maar swaar af in my... my sisteem. Maar dat dit... dat dit wel die hele tyd 'n latente moontlikheid is en 'n dinamiese teenwoordigheid is, die Skrif is hier, die Bybel is hier in ons midde ons het hom, dit is vir my 'n gegewe. Maar laat ek 'n soort skuldgevoel saamdra, omdat ek 'n dominee is, moet ek die Bybel lees? Nee - ek het nie daardie gevoel nie.
- D:** Sou jy sê jy luister of let fyn op om iets van die groter Verhaal te hoor? Of as ek jou reg verstaan, dit kom maar uit die gesprek uit. Jy luister nie in besonder en konsentreer spesifiek om iets te vind daar.
- P:** Nee! Laat ek so antwoord: ek poog om besonder fyn te luister deur die hele gesprek. 'n Pastorale gesprek is nie vir my 'n gewone gesprek nie, as ek in... as ek weet nou maak ek die deure toe, my kinders is eenkant, die telefoon is nou herlei, ons is nou in terapie dan... dan poog ek om van die eerste tot die laaste sin met absoluut konsentrasie en toegespitste aandag te luister. Want dit is vir my 'n besondere gebeurte, maar ek sal nie sê my aandag is spesifiek op luister nou vir raakvlakke met die Bybel. Ek luister soos wat Andries Barth dit stel: “into existence”. Ek probeer luister “in bestaan in” in... in die weefsel van daai persoon probeer ek my inleef. Ek probeer eerder sy hartklop hoor as om

te hoor vir of om te luister na kontakvlakke met die Bybel. Maar ek sê dit seker vir die derde keer, dit is nie lank nie... dit is nie lank nie dan is daar 'n raakvlak, 'n kontakvlak met die Bybel.

D: Kan ek aansluit by hierdie kontakaspek wat jy noem. As so ding opkom, los jy dit tot aan die einde of reageer jy as die ou dit op die tafel gesit het?

P: So ver moontlik poeg ek om onmiddellik, waar dit ter sake is, na die Bybel te verwys, of die gedagte te toets. Dink jy nie dit hou verband met Abraham se verhaal of met Josef se verhaal of met Dawid se verhaal. Dink jy nie... ek toets die persoon by wyse van vraagstelling. Ek maak 'n ope uitnodiging om te kyk of daar nie 'n toespitsing is op die Skrif nie. En ja, ek los dit nie vir later nie, ek "tackle" dit daai tyd, as dit opkom "tackle" ek hom.

D: Ek wil weer terugspring na die vraag aan die begin. Is daar 'n bepaalde struktuur in jou werkswyse of is dit oop van die begin af en jy gaan met die vloeï van wat die persoon voor jou neersit?

P: In terme van die woordmetode of struktuur... in die streng definisie van daai twee woorde, werk ek ongestruktureerd of dan nie metodies nie. Maar ek verstaan dit tog nie so dat ek... dat ek totaal ongestruktureerd of metodeloos werk nie. Die persoon se verhaal... die verhaal wat die persoon die spesifieke persoon aanbied, is die skema waarbinne ek werk.

- D:** Pieter, kom ek sluit weer aan by jou woorde. Jy sien, jou werk as ongestruktureerd. Ek dink ek verstaan dieselfde as jy onder ongestruktureerd, soos die gesprek vorder so werk jy daarmee saam. Maar weer by die vraag wat ek netnou gevra het: In 'n struktuur, na 'n bepaalde eindpunt toe, voel jy dat jy die persoon sy eie oplossing wat hy op die tafel bied net uitbrei en of jy sy oplossing op 'n manier moet versterk of ek wil amper sê ondersteun uit iets vanuit die Skrif ?
- P:** Absoluut! As ek sê ongestruktureerd dan bedoel ek, ek gaan nie met 'n voorafbepaalde struktuur in die gesprek in nie. Maar die gesprek het struktuur. Hoekom? Want die storie wat die persoon my aanbied, het 'n begin, 'n middel en 'n einde. Daar is 'n "plot", daar is 'n gevolgtrekking, daar is een of ander uitkoms op 'n probleem of vraagstelling en daai... daai merkers gebruik ek langs die pad om my pastoraat aan te rig. As daar dan 'n soort van oplossing gebied word deur die persoon self, probeer ek dit van harte ondersteun deur die Skrif en deur my eie lewensondervinding, lewenservaring, my eie insigte. Ek glo aan 'n, en ek is versigtig om dit te sê, maar ek glo aan 'n direkte pastoraat. Die persoon kom tog nie net om 'n... na 'n bieghokkie toe nie, anders kon hy maar net sowel met die stopstraat gesels het. Maar hy kom na my toe om 'n bepaalde reaksie te ontlok, 'n bepaalde idee te versterk of afgekeur te kry en ek is nie skaam om dit te doen nie, ek doen dit van harte, ek doen dit met oorgawe!
- D:** Brei vir my 'n bietjie uit oor wat jy verstaan onder direkte pastoraat ?

- P:** Onder direkte pastoraat verstaan ek dat 'n mens leiding gee, beslissings maak, norme op die tafel sit, uhm... en basies die etiese en morele standpunt van die Christendom op die tafel plaas waaraan die persoon hom behoort te meet. Direksie of rigting, rigtinggewende pastoraat, leidinggewende pastoraat, loop voor die persoon wat gekom het vir raad, (hy)... sal jou volg. Ek glo tot 'n mate aan die sisteem sê ek, gekwalifiseerd, want ek glo dit is 'n mede-wegsoeking, ek gaan nie alleen voor die donker bosse in (nie). Die persoon moet my nie blindelings volg nie, maar ek is aktief meewerkend in die soek van die pad. Ek vra die persoon se insette, ek gee my eie insette, ek kyk na die Skrif se insette en so probeer ons die weg vind.
- D:** Dit is vir my interessant dat jy so pas gesê het, in jou leiding gee in die beslissings en die norme wat jy op die tafel sit. Die etiese, word iets daarvan bepaal deur die groter Verhaal?
- P:** Absoluut, sonder enige twyfel! Ek kan nie daarsonder funksioneer nie, dit deurspoel my hele wese. Dit is my totale etiek waaruit ek lewe. En ek kan nie sien dat ek 'n persoon neutraal sien sonder my eie verhaal, my eie integrasie van die Skrif boodskap. Ek sien hom met my volle bagasie en ek sou amper van die veronderstelling uitgaan wanneer iemand my kom sien vir terapie behoort sy of hy te weet hulle is in vir 'n ding, in die sin dat ek nie 'n neutrale persoon is nie. Ek is geprejudiseer deur die Skrif en die Christengeloofsgemeenskap oor eeue. My kultuur en die Christelike kultuur en die Skrif het my gemaak wat ek is en is 'n groot deel van my identiteit.

- D:** So, as ek 'n ander woordjie kan byvoeg, wanneer ons praat van 'n pastorale berader of terapeut beteken dit, dit is hierdie agtergrond vanuit die Skrif wat ter sprake kom by jou berading?
- P:** Uit en uit, sonder enige twyfel is dit my standpunt ook. Die gebruik van die Skrif, die Skrif is bepalend, noodsaaklik, rigtinggewend in die pastorale gesprek.
- D:** Hoe is jou reaksie as iemand, (soos) wat jy dit nou mooi uitgedruk het, jou Skrif en die norm, die beginsels van die Skrif wat vir jou 'n sterk saak (is), maar hy vind nie aanklank daarby nie? Hoe maak jy dan? Kan hy dit van die tafel maar afvee en los jy dit of sou jy met hom die gesprek verder vat?
- P:** Miskien is ek kru as ek jou reguit antwoord, Deon! Ek het in terapie nie lus daarvoor dat mense my tyd kom mors nie. Omdat dit vir my 'n... 'n absolute gebeure is, is 'n kritiese gebeure wat plaasvind, stel ek my norme en waardes en verwag ek van die persoon wat my kom sien, respekteer dit. As hy maar net op my 'n klankbord wil kom hê en te reflekteer en ek is maar net nog een van tagtig opinies, sal ek dit reël dat ons nie veel langer terapie beoefen. So 'n persoon moet, kan... kan, daar is in die samelewing, dink ek, baie persone wat terapie beoefen sonder die Christelike basis. So, ek sal so 'n persoon aanwys, ek sal hom aanbeveel na 'n sielkundige of iemand (wat) vanuit 'n wêreldse hoek uhm... terapie beoefen.

- D:** Dit gaan, Pieter, nou bietjie 'n moeilik ding wees, ek sien of hoor dit as kontrasterend, maar ek sou graag wil hê jy moet dit vir my uitklaar. Jy het vroeër in die gesprek gesê: jy het nie 'n spesifieke einddoel waarna toe ek beweeg nie, maar nou het ek amper tog hier iets ervaar, van ek gaan in my berading beweeg na 'n punt toe waar my Bybelse beginsels en norme in my raad gee en in my besig wees met jou tog belangrik is. Is dit nie 'n einddoel waartoe jy gaan nie?
- P:** Kyk, laat ek so probeer verduidelik. Wanneer daar aan my deur geklop word, en ek die deur oopmaak en ek en 'n persoon sit, besluit ek nie nou gaan ek my Christelike norm en waardesisteem op jou, wil ek sê afdruk en by 'n bepaalde doel uitkom. Ek verstaan wel ons kom in gesprek want ek weet, dit is 'n oop agenda, ek weet nie waarvoor die persoon my kom sien nie. Is dit sy huwelik, is dit homoseksualiteit, is dit eensaamheid, is dit die dood – ek het geen idee nie. Ons trek weg, so ons trek oop weg, ek het nie 'n eindbestemming. Die persoon se verhaal lei my langs sekere weë, langs sekere paaie, maar my beginsels en norm en waardesisteem is vervleg heelyd met my menswees en met my identiteit en dit neem ons mee op die pad. Ek... ek gaan staan nooit los van my waardestelsel en my... my Christelike etiek sodat as dit vir jou vooraf bepalend is - ja, ek trek as Christenpastor weg en eindig met my terapie as Christenpastor.
- D:** Met ander woorde as... wat ek in 'n boek gelees het dat 'n ou heel tereg gesê (het) jy doen pastoraat of jy is betrokke by mense as 'n persoon wat met 'n

bepaalde opdrag of 'n bepaalde, kom ons sê uitkyk op die lewe dit doen, as gestuurde van God of nie?

P: Laat ek toegee – Ja, as gestuurde, maar ek sou eerder as die woord opdrag sê: 'n persoon met 'n bepaalde storie as agtergrond, omdat ek ook as gesalfde ook as profeet ook as koning ook as 'n sondaar in hierdie gesprek staan. Nie net ook selfs in 'n sin as regter, en ja ek sê dit baie beskeie. Sjou, die fasette van die groot Verhaal weerspieël op my verhaal. So ek staan in 'n veel fasettige identiteit in daai gesprek. Nie net as gestuurde nie, maar ook as gestuurde ja.

D: Wat ek amper hoor is dat, (wat) ek aan dink: met ander woorde, dit moenie 'n geforseerde ding wees, dat ek die groter Verhaal in die storie wil inkry. Hy sal self uitkom.

P: Dit is my gevoel en eerlik ek voel dit gebeur so. Dit is nie iets wat ek, aanvanklik, laat ek dit net so vertel, laat ek iets van my eie verhaaltjie vertel. Toe ek van die kweekskool af in... vir die eerste paar keer in terapie gesit het, was dit met 'n bepaalde spanning oor onkunde en oor 'n onvermoë. Hoe gaan ek hierdie geweldige verhaal van God wat in Christus na mense toe gekom het om hulle vry te maak, kommunikeer in 'n ruimte van egskeiding, verloreheid, wellus, noem maar op, al die lewensomstandighede, hoe gaan ek daai verhaal gekommunikeer kry teenoor mense? Ek het 'n totale onvermoë ervaar in my terapie, maar die lewe wil ek sê en mense het dit vir my maklik gemaak, want hulle bring net hulle stories. Hulle vertel net, jy sit daar, hulle vertel en vertel en vertel. En dit is nie lank nie dan is daar raakvlakke met die Bybelse

boodskap waaroor ek 'n bietjie kan pols. Want dink jy, het Christus nie ook eensaamheid ervaar nie, dink jy nie Daniël was in die leeuuil ook beangs en talle voorbeelde, daar kom een of ander tyd 'n raakvlak en dit was nie vir my nie so moeilik as wat ek dit voorsien het nie. Omdat ek nie met 'n vooraf honderd, tweehonderd geleerde antwoorde moes sit, gereed moes sit. Ek kon net die verhaal aanhoor en 'n raakvlak raaksien tussen 'n bekende boodskap wat ek goed ken en... en stories wat vars na my lewe kom.

D: Is dit jou ervaring dat mense somtyds daai verhale self vat en self verder uitbrei waar Bybelse verhale dit van toepassing maak op hulleself? Of wag hulle pertinent vir jou?

P: Nee, dit verskil ontsettend baie van individu tot individu en veral dink ek die persone se eie ervaring van die Skrif. Ek het lidmate wat 'n ontsettende noue pad met die Bybel loop, dit wil sê nouer as ekself, wat 'n daaglikse saak aan het met die Woord van die Here. En wat dan in terapie ook sekere raakvlakke heelyd slaan en sekere toespelings maak, sekere vrae stel, sekere antwoorde uit die Bybel uit self na verwys. Ek het ander lidmate of persone wat my vir terapie kom sien vanuit 'n Christelike konteks en met die behoefte aan 'n Christelike pastoraat, maar wat 'n baie beperkte Bybelkennis het. En dan is dit my taak wat meerdere Bybelkennis het om die raakvlakke uit te wys.

D: Pieter, as ons miskien einde se kant toe kan staan en ons vra weer die vraag waarmee ons weggetrek het: jou ervaring in jou pastorale gesprekke, is dit vir jou lekker dat die Woord ter sprake kan kom en is dit 'n ding wat jy dan sterk

benut of as dit nie ter sprake sou kom nie, dan is dit ook nie vir jou 'n probleem nie?

P: Laat ek dadelik sê ek onthou nie wat ek veertig minute terug of dertig minute terug gesê het nie, so ek gaan nie weer daarop reageer nie. As jy my so direk vra, is dit vir my lekker, dit voel vir my as een van die hoogtepunte een van die, ek dink Firtet het gepraat van “het agogisch moment”. En daar is nog ander beskrywings vir hierdie “oomblikke”. Maar daar kom in terapie vir my oomblikke van waarheid, 'n “kairos”, 'n oomblik van verligting, 'n oomblik van insig, 'n oomblik van “ a-ha” en van die ontlading van sekere spanning of tragiek of... daar kom 'n onthulling 'n ontlading en vir my is die hoogtepunt daarvan as die Skrifboodskap en God ook prominent deel is daarvan. Dan voel ek het ons regtig by die diepte-dimensie van Christelike narratiewe pastoraat uit gekom. En nie maar net sommer gesprekvoering, dit is iets anders as gesprek. As dit nie gebeur nie, is ek nie verskriklik spanningsvol daarvoor nie, want my ervaring is dat ons is nie net een keer in 'n pastorale gesprek nie. 'n Persoon wat met lewenskrisis sit, wat regtig iets het om voor terapie te gaan, kom weer en die oomblik wat die moontlikheid bly, hoe sê die Engelse “linger”. Dit hang daar, dit is hierdie hele vertrek vol. God is hier, die Woord is hier, die moontlikheid is hier. En selfs in die interim, sê nou dit het in gesprek een of in gesprek drie nie gebeur nie, tussen gesprek drie en gesprek vier 'n week of twee weke wat verloop, is die moontlikheid swanger daarvan dat intussen my hart en in die pastorant se hart 'n raakvlak sal ontstaan tussen Woord en probleem. En is ek optimisties as dit nie in gesprek drie nie gebeur het nie: “so what” ? Gesprek vier gaan heel moontlik 'n moontlikheid oplewer van

“yes” hier is die Woord, hier is ons, ons is in terapie, ons is in pastorale terapie, Christelike terapie. Ons en God en die Gees en die Woord het ontdek of besluit dat, amper soos die eerste sinode in Handeling 15. So, ek is nie, ek is, ek sien uit daarna dat dit gebeur, telkens in die pastoraat. As dit nie gebeur nie is ek nie vreeslik spanningsvol nie, volgende keer wel - ja, dit sal gebeur!

D: Baie dankie, ek het lekker saam met jou gesels. Ek het 'n paar interessante goed gehoor en ek gaan in ons tweede gesprek, ... dan sal ons weer kan saam gesels, baie dankie .

P: Ja. Dankie Deon, en sterkte vir jou vorentoe.

4.1.1.2 Gesprek een met Gert: 15 Junie 2004 om 17:00

D: Gert, baie dankie dat ek met jou 'n gesprek kan voer. Dit is nou die eerste individuele gesprek waar dit gaan oor, ek gaan so min as moontlik praat en eintlik luister en vir jou geleentheid gee om jou idees en gedagtes en persepsies vir my deur te gee. En dan soos die gesprek verloop, as dit met jou reg is, sal ek hier en daar 'n bietjie klaring vra of bietjie verduidelikings vra. Maar ek wil graag maar met 'n openingsvraag begin deur vir jou te vra: Wat is jou ervaring met pastorale gesprekke, hoe funksioneer die Woord in die proses? En as ek praat van Woord, kom ek wil amper sê dan, Verhaal in hoofletters, van die Bybel?

G: “Okay”... so dit... dit is nou ’n spesifieke... dit is meer ’n spesifieke vraag rondom uhm... “okay”....uhm... uhm... Goed laat ek, laat ek so begin en sê umh... vir myself sien ek, ek... ek sien nie, dis vir my baie moeilik om daardie vraag te antwoord. Uhm... want ek... ek dink nie eintlik oor die funksionering van die Woord in die gesprek op daai manier as dat dit iewers ’n spesifieke plek of spesifieke funksie het. Uhm... my eie siening daarvan is dat dit wat ek doen as pastorale berader is in wese... hoe sal ek sê Woord-gebaseer. So ek, ek doen wat ek doen op grond van hoe ek my roeping verstaan en hoe ek ook my roeping terugvind in die Skrif in terme van verstaan van myself, uhm... as iemand met ’n bepaalde geskiedenis, met ’n bepaalde agtergrond, met ’n bepaalde persoonlikheid... umh... wat deur die Here geroep is om vanuit my persoonlikheid, en my aard, my agtergrond ’n bepaalde funksie te vervul wat saamgaan met die gawes wat ek ontvang het. Uhm... en dit is hoe ek myself sien. So vir my is die is... is... is om te sê hoe funksioneer die Woord in my gesprek uhm...’n baie moeilike vraag om te antwoord. So ek sien nie... ek sien nie dat die Woord ’n bepaalde plek of ’n bepaalde funksie in my berading het nie. Dit is vir my die basis waarop ek werk. So ek doen wat ek doen op grond van dit wat ek glo, oor my roeping... uhm... en in terme van my persoonlike verhouding met die Here, so uhm... dit beteken dus ook dat ek dink ek baie werk met hoe sal ek sê, met Woordbeginsels sonder om noodwendig om... uhm... die Bybel uit te haal. Maar ek probeer nou net dink hoe kan ek nou dink aan ’n voorbeeld... ’n voorbeeld wat ek sê ek werk met Woordbeginsels. So om (nie) noodwendig die Bybel uit te haal uhm... Ja, kom ek... ek vat ’n voorbeeld uit my werk uit uhm...

So ek vat 'n voorbeeld uit my werksituasie uit. As ek na 'n pasiënt gaan wat bewusteloos is, uhm... dan sien ek nie dit wat ek daar doen anders as wat ek hier in my spreekkamer doen nie. Uhm... dit lê vir my, dit is deel van my en ek sien dit wat ek doen, ek sien dit nie as 'n praktyk nie, ek sien dit as 'n bediening. Uhm... so wat ek daar doen en wat ek hier doen, lê vir my op dieselfde vlak, so wanneer ek daarnatoe gaan en ek gaan vir vyf minute net by daardie ou se bed sit en sy hand vashou en miskien vir hom 'n gebed doen, dan is dit vir my dieselfde as om hier in my praktyk 'n paartjie te sien... Uhm... so of ek daar by die hospitaal iemand wat ontslaan word mee 'n gesprek het en hom te help om blyplek te kry omdat hy nêrens het om heen te gaan nie, dan is dit deel van my bediening wat Woord-gebaseer is. Ek glo dit is my gawes, dit is wat die Here my geroep het. Dit is op daardie basis wat ek dit doen. So, of die Woord nou fisies-verbaal ter sprake kom in die gesprek is vir my in 'n sekere sin irrelevant. Uhm... so die, die Woord is vir my die basis op grond waarvan ek dit doen... uhm... maar dit half in 'n sekere sin kan ek sê, dit deurdrenk ook alles wat ek doen.

- D:** Kan ek die vraag miskien so vra: In jou pastorale berading is daar 'n spesifieke eindpunt of doelwit waarby jy wil uitkom of is jy aangewese op die verhaal van die persoon?
- G:** Uhm... dit... dit... die antwoord daarop verskil na aanleiding van die pastorale proses. In 'n eerste gesprek laat ek my baie sterk lei deur wat die persoon dan na... na die tafel bring umh... en ek het in... in 'n eerste gesprek het ek 'n bepaalde doelwit en dit is om te probeer om so goed soos wat ek kan hierdie

persoon se verhaal van die binnekant af te verstaan en dit is gewoonlik my doelwit met 'n eerste gesprek. Soos wat die gesprek aangaan, verander daai doelwit miskien so bietjie. Uhm... 'n volgende doelwit sou wees vir my om saam met die persoon te probeer verstaan wat is die betekenis van hierdie verhaal. So, my doelwit is om die persoon te help om die verhaal te vertel om sy of haar verhaal te vertel. Maar ook om saam met die persoon te reflekteer oor die verhaal sodat daar insig kan kom, verstaan kan kom. Waar kom dit vandaan? Wat is die onderliggende goed wat hierdie verhaal stuur na 'n bepaalde kant toe? So dit... dit is 'n tweede doelwit wat ek dink in terme van die proses... uhm... ja ek dink dan 'n volgende doel is as ek 'n derde doelwit kan noem dan dink ek is 'n derde doelwit om te soek na, saam te soek na kreatiewe moontlikhede binne die verhaal. Hopelik in die proses uhm... verander... verander die verstaan van die verhaal, maar ook hopelik verander die uitkoms van die verhaal... as ons vorentoe... (kyk.). So, uiteindelik dink ek is dit nou my doelwit om... om insig te bewerkstellig en saam met die persoon te soek na nuwe, na alternatiewe uitkomst.

D: Gert, as ek jou reg verstaan het, wat miskien by jou uniek is, is dat die ouens wat na jou toe kom is nie noodwendig altyd nou 'n lidmaat of 'n gelowige nie. Nou sou ek graag wou weet: as die persoon met 'n verhaal na jou toe kom en hy bring nie die groter, kom ons sê Verhaal in die hoofletters ter sprake nie, probeer jy dit op 'n onbewustelike manier inbring of laat jy hom die verhaal ... volg jy sy verhaal?

G: Nee, ek volg sy verhaal.

- D:** Jy voel nie as pastorale berader jy moet die Verhaal in hoofletters bybring (nie)?
- G:** Ek... ek... ek voel nie ek voel nie ek moet dit doen nie, maar ek doen dit gewoonlik. (Laggie) Nou, dit is miskien 'n snaakse ding om te sê. As ek sê ek voel nie ek moet dit doen nie, dan... dan sê ek daarmee ek het nie 'n spesifieke doelwit om dit te doen nie. En ek is dus nie besig om te soek na 'n spesifieke geleentheid om dit te doen nie. Maar ek vind dat, ek wil so ver gaan om te sê, sonder uitsondering kom daar 'n punt waarop ek gewoonlik iets sê soos: luister jy weet nou ek werk vanuit 'n Christelike oogpunt... uhm... en ek loop nou saam met jou hierdie pad en ek kan nou nie met integriteit die pad saam met jou loop as ek nie iets van my eie agtergrond inbring. En my eie verstaan van hoe... hoe die wêreld werk en hoe verhale werk... inbring nie, sal jy 'n probleem daarmee hê? Dit is gewoonlik as ek nou weet in (die) algemeen geformuleer, dit is gewoonlik daai punt waarop dit dan ter sprake kom... uhm... en ek het nog nooit iemand gehad wat gesê het, nee "Sorry" ek stel nie in die Bybel of Christelikheid of in godsdiens of wat ook al belang nie. Mense met wat ek 'n pad geloop het, was nog altyd oop gewees. "Fine"... solank jy my en ek sê ook dan gewoonlik ek het... ek het geen doelwit om iets met jou te doen of jou in 'n rigting te dwing of enige iets nie. Dit is net ek kan nie meer met integriteit in die proses betrokke wees en nie hierdie deel van myself in die gesprek inbring nie, ek moet dit inbring. En as 'n ou dan daarmee 'n probleem het, dan is my uitgangspunt dat ek dan op daai punt met iemand sal moet praat

en sê luister nou het ons 'n probleem. Uhm... maar dit het nog nooit gebeur nie... nog nooit gebeur nie.

D: Nee, as ek miskien so 'n bietjie meer kan uitvra daaroor: dit klink vir my tog dat dit eintlik op 'n baie natuurlike wyse in die gesprek inkom sonder om dit 'n geforseerde ding te laat wees.

G: Ja, dit is so. Dit is hoe ek... dis hoe ek dit ervaar. Ek... ek sien nie die Woord of die gebruik van die Woord dus as een of ander "tool" wat... wat ek moet gebruik of op 'n manier moet half inbring of moet manipuleer of wat ookal nie. Nou... nou weereens, ek probeer nou dink aan 'n... aan 'n voorbeeld uhm... ek het hier 'n klompie jare terug 'n ou gehad hierso wat uhm... wat in die proses was (om te skei), hy was ongelukkig met sy... sy verhouding en goed... maar hy het na my toe gekom om half te probeer uit... uitsorteer... moet hy, moet hy nie in die huwelik bly. Hy was nie regtig 'n, ek sal hom nie beskryf as 'n gelowige persoon, hy was nie 'n ongelowige nie, maar hy was nie jy weet, geloof het nie 'n verskriklike belangrike rol in sy lewe gespeel nie. Uhm... maar toe ons nou op die punt kom en een van die goed wat hy toe nou vir my vra is hy sê: maar ... maar weet (ek) hy voel dat hy, hy moet die ruimte hê om te kan al, ek weet nie of hy die woord eksperimenteer gebruik het, ek glo nie maar hy het gesê hy... hy voel hy moet die ruimte hê om ander verhoudings te ondersoek. En ek het op daai punt gesê: nou goed ek verstaan dit, ek verstaan daai behoefte, ek verstaan ook dat jy basies dit wil gebruik as 'n manier om vir jou uit te vind of jy in die verhouding wil bly of nie. Maar nou sit ek met 'n etiese probleem ek kom vanuit 'n bepaalde agtergrond, en ek het 'n bepaalde siening oor

verhoudings en oor “committed” verhoudings. Ek kan nie op hierdie punt langs jou loop sonder om my siening met jou te deel nie, want ek kan nie neutraal bly in hierdie, ek kan nie net vir jou ’n neutrale klankbord bly nie. Is jy bereid laat ek my siening met jou deel, en ek het nie noodwendig ’n jy weet enige Skriftuurlike ding gedoen nie, maar ek met hom gedeel oor wat ek glo oor hoe verhoudings werk en hoe lewensmaats werk en hoe keuses werk en hoe verantwoordelike keuses werk. Uhm... en daai goed wat my aan betref is alles Woord gebaseer... uhm... maar ek het nêrens ’n teks uitgehaal of wat ook al. En daarvoor het ons lank, ons het ’n paar gesprekke gehad... uhm... daarvoor op die ou end. Uhm... hy is op die ou end weg en ek moes sy vrou sien,... hy is op die ou end weg... ons kon nooit rêrig (dit) met hom uitsorteer hy... ek, ek kon nie ons terapie (laat) uitloop op ’n besluit van sy kant af nie of enige iets nie. Uhm... maar... maar ek het nie ’n pyn daarvoor nie ek voel (hy) weet ons het dit nodig gehad om die pad te loop, so dit is ’n illustrasie vir my van hoe ek die Woord inbring in ’n situasie waar ek en my gespreksgenoot nie dieselfde “commitment” aan die Woord en aan die Woordbeginsels (geheg) het nie.

- D:** So, is ek reg as ek sê jy kom met ’n bepaalde stel beginsels, waardes en etiek in die ding en jy wil dit nie voorop sit nie, maar dit is deel van jou hele menswees en proses waarmee jy besig is?
- G:** Ja, dit is reg. En ek kan nie neutraal wees, ek kan nie in ’n gesprek in ’n gespreksproses (dit) agterlaat of probeer om neutraal te wees nie, dis wie ek is, dis hoe ek dink, dis hoe ek leef.

- D:** Gert, baie dankie. Miskien net as ek weer terug kan kom na daai eerste vraag as ek na die einde toe gaan, net weer vir jou vra... uhm... dink jy dat die Verhaal in hoofletters uhm... kan bydra tot 'n “unique outcome” of uhm... dat jy die “unique outcome” moet toelaat dat dit vanuit die ander persoon se verhaal vloei.
- G:** Ek is oortuig daarvan dat die... dat die Woord as ons nou praat van met die... met die Woord met die hoofletter... uhm... dat dit... uhm... kragtige effek kan hê op mense se lewens, ek is oortuig daarvan en ek dink daarom kan dit beslis bydra en ek hou baie daarvan om met mense... uhm... rondom, weet as ons op die punt kom om Woordbeginsels in te bring... uhm... met mense te praat daaroor en te sê gaan dink oor... uhm... Kom ek vat nou 'n voorbeeld, uhm... iemand is in die hospitaal en... uhm... en gaan vir 'n groot operasie, en daar is baie onsekerheid oor wat na die tyd gebeur en so aan een van die verhale wat ek in so 'n situasie graag deel, is die verhaal van Abraham wat geroep word in die vreemde land in... uhm... ek probeer kyk na maniere hoe hierdie persoon se verhaal met Abraham se verhaal kan bind en watse troos daar gevind kan word in daai verhaal, so dan bring ek doelbewus Abraham se verhaal in die gesprek in, want ek sien moontlikhede daar en dit dra, dink ek, by tot 'n unieke uitkoms in daai spesifieke verhaal... ja, verseker. Ek word dus nie, ek... ek wil dus nie in sekere dinge... net gelei deur die persoon wat voorloop nie ek sien myself as 'n redelike aktiewe gespreksgenoot, nie in die sin van om te bepaal en te sê ons is by die kruispad, ek sê ons gaan nou links nie, maar ek het 'n baie belangrike rol om te speel, kom ons dink, kom ons dink oor die implikasie van links en vorentoe of regs of op dieselfde plek bly. Dit is my funksie, ek is nie net daar

om 'n neutrale klankbord te wees nie o so dit is wat jy dink oor links gaan en dis wat jy dink oor reguit gaan.

- D:** Nou daar is iets van 'n direkteur pastoraat by jou?
- G:** Uhm... nee! Ek sal nie dit sê nie, want... want direkief het vir my die implikasie van om te sê ek dink jy moet links gaan. Uhm.... dis nie wat ek sê nie. Maar ek is redelik aktief betrokke deur baie vrae te vra oor wat is die rigting waarin jy gaan, hoekom wil jy in hierdie rigting gaan, wat dink jy sal gebeur as jy in hierdie rigting gaan, hoekom dink jy dit is beter om in hierdie rigting te gaan as wat dit is om in daai rigting te gaan. So ek sien my... ek ek... wat dit aanbetref vervul ek 'n redelike aktiewe rol om te eksplorieer, om vrae te ontdek uhm... maar nie direkief in die sin van dat as iemand vir my vra, laastens wat dink jy nou moet ek doen?
- D:** Gert, miskien 'n ander vraag. Sou jy by geleentheid vir mense vra hoe sien hulle God se Verhaal in hulle verhaal?
- G:** Ja, dit is... dit is 'n vraag wat ek, kom ek sê vir jou hoe ek normaalweg die... die... die vraag sou formuleer. As ek sou.... gewoonlik die vraag vra op 'n manier (vra) om te sê uhm... hoe ervaar jy God se teenwoordigheid in hierdie situasie? Uhm... of ek sou die vraag vra byvoorbeeld uhm... as ek met gelowige mense werk, dan sal ek byvoorbeeld vra hoe ervaar jy God se leiding, leiding met 'n "ei" nê. God se leiding in in jou lewe op hierdie punt, jy moet 'n moeilike besluit neem, byvoorbeeld hoe ervaar jy God se leiding, wat is dit

wat jy hoor van God se stem, hoor jy God se stem? Oor... oor dit wat, dink jy is hy besig om vir jou te sê, hoekom dink jy sê hy dit vir jou? Uhm... wat sê dit van Hom as hy... as jy hoor hy sê maak so, maak so, maak so? So, ek is ook veral dan geïnteresseerd in... in wat is die prentjie, wat is die persepsie oor God, wat is daai persoon se persepsie oor God en as ons op daai vlak begin werk, dan kom die Woord baie keer direk ter sprake en dan sal ek sê maar nou goed, jy glo dit, jy ervaar dit, maar wat van dit in die Skrif en wat van dat in die Skrif.

D: Gert, nee baie dankie, ek dink wat ek graag wil vra en wat ek wou hoor dié het jy by uitgekom. En ek dink as ons in ons tweede gesprek kom, dan gaan ek graag, na die luister van die band en na die ander (gesprekke) weer met jou gedagtes wissel oor die hele rol van die Bybel in die narratiewe model, maar baie dankie.

G: Groot plesier.

Na die gesprek het Gert met my 'n verhaal gedeel van 'n interessante situasie wat hulle by die hospitaal ervaar het rondom 'n Moslem wat saam met hulle werk en hoe die optrede van die Christene die Moslem gebring het om na aanleiding van hulle optrede teenoor hom, vrae te vra en hulle op die wyse met hom kon begin gesels oor God in hulle lewens. Gert sê dit was 'n wonderlike ervaring om, sonder dat hulle ooit na God of sy Woord hoef te verwys het, dit op 'n besondere manier tog deel van die verhaal gemaak het. Sonder om dit enigsins op 'n geforseerde of doelbewuste wyse te doen.

4.2 Soeke na bepaalde temas en konsepte in die gesprekke

Die soeke na bepaalde temas en konsepte in die gesprekke moet nie gesien word asof die navorser met bepaalde vooropgestelde konsepte of kategorieë na die data toe kom, soos dikwels die geval is in kwantitatiewe navorsing nie. Rubin en Rubin (1995:226) sê in hierdie verband: “After completing each interview and then again after finishing a larger group of interviews, you examine the data you have heard, pull out the concepts and themes that describe the world of the interviewees.”

De Vos *et al.* (2002:339) maak die volgende opmerking: “...the purpose of conducting a qualitative study is to produce findings”. Groepering van temas en konsepte is ’n metode waardeur gesprekke opgebreek kan word, bestudeer word en weer bymekaargevoeg word op ’n nuwe manier om betekenis daaraan te gee. In die kwalitatiewe navorsingsmodel moet onthou word dat die “betekenis” wat toegeken word, die betekenis moet wees van die persoon wat die data voorsien het. Willig (2001:16) stel die saak soos volg: “...qualitative data collection allows participants to challenge the researcher’s assumptions about the meaning and relevance of concepts and categories”. Dit bly belangrik om dit wat jy hoor en ervaar het, te toets teenoor die medenavorser wat vir die inligting verantwoordelik is.

Die volgende prominente temas en konsepte het na vore gekom in die luister en deurlees van die gesprekke:

- Die woorde Bybel/Skrif/Woord wat saamgegroepeer is.

- Die begrippe storie/verhaal, wat die gedagte van groot en klein stories insluit.
- Die terme pastoraat/terapie wat saamgegroepeer is.
- Die gedagtes van raakvlak/korrelasie/verband.

4.3 Bestudering van die verskillende temas en konsepte in die gesprekke

Uit die gesprekke wat bestudeer is, het die volgende temas en konsepte na vore gekom en dit sowel as die voorlopige afleidings wat gemaak is, word vervolgens uiteengesit.

4.3.1 Gesprek een met Pieter

4.3.1.1 Die konsepte: Woord/Skrif/Bybel

- Die Bybel word nie doelbewus ingebring nie/daar moet nie by die groot Storie uitgekom word nie.
- Die Bybel staan nie voorop nie/Bybel nie prominent nie.
- Lewensvraagstukke/lebensprobleme het raakvlakke met die Bybel.
- Skep nie self die raakvlakke nie – die mense bring dit self na vore.
- Groot stories en klein stories het raakvlakke met mekaar.
- Die Bybel is 'n omvangryke boek.
- Pastor is nie neutraal teenoor boodskap van die Bybel nie.
- Mense sien pastor as iemand wat met die Woord werk.
- Die Woord deurspoel hele wese van die pastor.

- Pastor is “geprejudiseer” deur die Skrif.
- Die Christelike norme en waardes word nie afgedruk om by ’n bepaalde doel uit te kom nie.
- Beginsels en waardesisteem is vervleg met my menswees as pastor.
- Hoogtepunt – as Skrifboodskap deel is van oplossing.
- Woord is hier en God is hier.
- As persoon die Bybel nie bybring nie, laat dit daar.
- Probeer tog storie van kliënt koppel aan storie van Bybel.
- Gebruik van die Woord/Skrif is bepalend, noodsaaklik en rigting- gewend.

4.3.1.2 Die konsepte: **Storie/Verhaal**

- Daar is die GROOT storie – God se storie – dit is altyd ’n dinamiese teenwoordigheid.
- Die groot VERHAAL bestaan uit ’n klomp kleiner stories.
- Groot verhale – dink in terme van VERBOND, VERLOSSING, GENADE - hierdie verhale verhelder die kleiner stories van “stuckness” en seerkry.
- Kliënt se storie (klein storie) – lewenstorie word gekoppel aan kleiner storie in die Bybel.
- Luister na storie – dit lei na lewensprobleem – dit lei weer na die Bybel.
- Die terapeut se storie.
- Het eie lewenstorie.
- Groter VERHAAL deurspoel sy hele wese.

- Beoefen terapie vanuit Christelike basis.
- Christelike kultuur en Skrif het my gemaak wat ek is - deel van my identiteit.
- Verwagting – kom sien die dominee, hy werk met die Bybel.
- Eie integrasie van die Skrifboodskap.
- Werk van gesprek/stories terug na die Bybel.

4.3.1.3 Die konsepte: Raakvlak/korrelasie/verband

- Daar is 'n raakvlak tussen 'n probleem/krisis en die Bybel.
- Mense maak self 'n korrelasie tussen die probleem en die Skrif.
- Pieter se ondervinding is dat daar nie lewensvraagstukke is wat nie raakvlakke met die Bybel het nie.
- Skep nie raakvlakke nie.
- Pastor moet luister/probeer inleef in krisis of probleem van kliënt, nie luister vir raakvlakke met Bybel nie.

4.3.1.4 Die konsepte: Probleem/lewenskrisis

- In berading is die vertrekpunt die PROBLEEM/LEWENSKRISIS.
- Die gesprek draai intensief rondom die probleem.
- Die probleem staan in verband met die Bybel.
- Daar is min probleme/vraagstukke wat nie raakvlakke met Bybel het nie.
- Koppel die storie van persoon aan 'n storie in die Skrif.
- Daar is altyd een of ander uitkoms vir 'n probleem.

4.3.1.5 Die woord: **Struktuur**

- Gaan nie met voorafbepaalde struktuur in gesprek nie.
- Werk ongestruktureerde.
- Nie totaal ongestruktureerd nie. Werk binne die skema van die persoon se verhaal.
- Die storie het 'n struktuur: begin, middel en 'n einde.

4.3.2 Gesprek een met Gert

4.3.2.1 Die konsepte: **Woord/Skrif/Bybel**

- Dink nie dat die Woord 'n spesifieke plek of funksie het nie.
- Berading is Woord-gebaseer. Dit is die basis waarop berading gedoen word.
- Werk met WOORDBEGINSELS sonder om noodwendig die Bybel uit te haal.
- Die Woord hoef nie fisies-verbaal ter sprake te kom nie.
- Sien nie die Woord of gebruik van die Woord as 'n soort "tool" nie.
- Bring die Woord op 'n ongeforsede wyse in gesprek.
- Vra persoon hoe/watter rol die Bybel in sy eie lewe speel.
- Is nie neutraal in gesprek nie, Bybel deel van my lewe, is wie ek is (bepaal my identiteit).
- Sal mense vra hoe ervaar hulle God in hulle situasie – op hierdie vlak dan kom die Woord baie kere direk ter sprake.

- Is geïnteresseerd in mense se persepsies oor God, sal vra: “Wat van dit, of wat van dat in die Skrif?”

4.3.2.2 Die konsepte: **Storie/verhaal**

- Daar is die Bybelse verhaal:
- Hierdie verhale het ’n kragtige effek.
- Pastor koppel Bybelse verhale aan verhale van mense. ’n Voorbeeld: iemand ondergaan dalk ’n operasie en weet nie wat gaan die uitkoms wees nie; word gekoppel aan Abraham wat geroep word na ’n vreemde land sonder om te weet wat om te verwag.
- Bybelse verhale dra by tot ’n unieke uitkoms in ’n spesifieke verhaal.
- Verhaal van persoon wat pastor kom sien.
- Eerste doelwit: probeer die verhaal “van binnekant” te verstaan.
- Tweede doelwit: saam met persoon die verhaal te probeer verstaan. Wat is die betekenis van die verhaal? Help verhaal vertel; reflekteer op verhaal.
- Derde doelwit: soek saam kreatiewe moontlikhede in verhaal. Verander die verstaan van die verhaal. Soek nuwe alternatiewe uitkomst.
- Eie verhaal van die pastor/ berader.
- Kom sonder uitsondering by die punt om te sê: “Weet ek werk vanuit ’n Christelike oogpunt.”
- Het eie verstaan (verhaal) van hoe wêreld werk, vra: “Het jy ’n probleem as ek dit in die gesprek inbring?”

- Sal nie persoon in bepaalde rigting dwing nie.

4.3.2.3 Die konsepte: Pastoraat/terapie

- My pastoraat is Woord-gebaseer.
- Is iemand in die pastoraat met 'n bepaalde geskiedenis, bepaalde agtergrond, bepaalde persoonlikheid - deur die Here geroep!
- Sien my berading as 'n BEDIENING.
- In my pastoraat laat ek my sterk lei deur wat die persoon na die tafel bring.
- In my pastoraat nie 'n spesifieke doelwit om die VERHAAL in hoofletters te moet bybring nie.
- Soek nie spesifieke geleenthede om dit te doen nie.
- Mense is “oop” vir wanneer ek my beginsels en eie agtergrond wil inbring.

4.3.2.4 Die konsep: Woordbeginsels

- Werk met Woordbeginsels sonder om noodwendig die Bybel aan te haal.
- Die Woord se beginsels is vir my 'n belangrike saak en het 'n bepaalde funksie.
- Die Woord is my basis.

4.4 Reflektering saam met die gespreksgenote op die eerste gesprekke en die afleidings daaruit gemaak

Willig (2001:16) konstateer dat “... qualitative data collection techniques aim to ensure that participants are free to challenge and, if necessary, correct the researcher’s assumptions about the meanings investigated by the research”. In die navorsing is daar gepoog om die medenavorsers hierdie geleentheid te gun om saam te reflekteer op hulle eerste gesprek, asook hulle mening te vra rondom bepaalde afleidings wat gemaak is uit die verbatimgesprekke. Die proses wat gevolg is, behels dat die medenavorsers per e-pos die verbatimgesprek, die groepering van die temas en konsepte, asook die afleidings wat daaruit gemaak is, ontvang het om deur te lees en daaroor te besin. Hierna is ’n tweede gesprek gereël waar die navorser en elke medenavorser saam kon reflekteer op die eerste gesprek. Hierdie gesprek is ook op band geneem en verbatim getik. Die gesprekke word as bylaes (sien Bylaes C en D) aangeheg. In die hoofstuk sal daar slegs aanhalings gebruik word uit die gesprekke om bepaalde afleidings te staaf.

Die primêre doel van die refleksiegesprek was om die medenavorsers te vra of die navorser rondom die groepering van temas en konsepte en die afleidings wat daar gemaak is, reg laat geskied het aan hulle bedoeling en die betekenis wat hulle daaraan wou koppel. Op hierdie vraag het beide medenavorsers soos volg reageer:

Pieter se gevoel was dat die wesenlike wat hy wou sê en die betekenis wat hulle daaraan wou koppel, het tot hulle reg gekom:

- “Dit is in ’n sin vir my uhm... vreemd om dit so op papier te sien. Maar dit is wat ek gesê het, ek... ek glo ek staan daarby. Dit is wat ek gesê het.”
- “Ja, Deon, definitief. Nee, dit is ’n duidelike goeie weergawe van ons gesprek en van die hooftemas wat aan die orde gekom het, is goed

gesistematiseer. En dit gee 'n baie duidelike weergawe van waaroor ek en jy in ons vorige gesprek gepraat het.”

Gert het ook gevoel daar is reg laat geskied aan sy woorde en aan die betekenis wat hy daaraan wou koppel:

- “Ek dink jy het dit baie goed opgesom, dit is die kern van dit wat ek gesê het, ek voel heeltemal gemaklik. Ek gaan nou nie terugverwys na die gesprek spesifiek nie, maar ek voel heeltemal gemaklik met die feit uhm... dat jy die kern saamgevat het.”

In die refleksiegesprekke is daar tweedens spesifiek gevra na die verband tussen die groeperings van woorde wat gemaak is in die gesprekke afsonderlik, asook oorkruis tussen die gesprekke en of die afleidings daaruit gemaak vir die medenavorsers aanvaarbaar is. Beide die medenavorsers het positief hierop reageer:

- “Die belangrike goed wat vir my uhm... belangrik is, dink ek, het jy uitgelig in terme van die Woord, die gebruik van die Woord.”
- “Die verhaal van die persoon dink ek, het jy mooi saamgevat.”
- “Wat my... my opval is hoe baie keer ek uhm... sewentien keer in een gesprek na Skrif, Woord, of na die Bybel verwys. Dit is 'n hoë frekwensie en ek dink tog dit laat reg geskied aan die hele beginsel wat ter sprake is.”

Daar is laastens in die refleksiegesprekke vir die medenavorsers gevra om uit te brei op bepaalde stellings wat gemaak is in die eerste, maar ook in die tweede gesprek. In al

die gevalle is die stellings bevestig en selfs versterk. In die gesprekke het daar geen noemenswaardige teenstrydighede na vore gekom nie.

4.5 Vergelyking van gespreksinligting van die medenavorsers

Rubin en Rubin (1995:251) sê oor die finale stap van die bestudering van die gesprekke die volgende: “You organize the data in ways that help you formulate themes, refine concepts, and link them together to create a clear description or explanation of a culture or a topic.” Hulle gaan ook van die standpunt uit dat die inligting wat in kategorieë gegropeer word, my in staat stel om dit wat verskillende mense gesê het met mekaar te kan vergelyk, en om sodoende vas te stel hoe bepaalde konsepte verstaan word (Rubin & Rubin, 1995:228). Die volgende stap in die navorsing het dan behels dat ek die verskillende kategorieë in die gesprekke met mekaar vergelyk, met die doel om te sien watter ooreenkomste en ook watter verskille daar is. In die proses is ook gepoog om te probeer vasstel hoe bepaalde konsepte verstaan of verklaar kan word.

4.5.1 Vergelyking van ooreenkomste

In die eerste gesprekke het die volgende groeperings van woorde weereens die sterkste na vore gekom en is met mekaar vergelyk.

4.5.1.1 Die konsepte: **Woord/Skrif/Bybel**

- Beide die medenavorsers bring nie die Skrif doelbewus in die pastorale gesprek in nie:

“... en ek sal nie doelbewus die Bybel bybring nie”.

“Daar moet nie by die groot storie uitgekome word nie.”

“Dink nie so daaroor dat die Woord spesifieke plek/funksie het nie.”

“So of die Woord nou fisies-verbaal ter sprake kom in die gesprek is vir my in 'n sekere sin irrelevant.”

- Die Woord word ongeforseerd in die pastorale gesprek ingebring:

“... sal vra hoe voel persoon oor dit of dat wat die Woord sê”.

“... luister vir raakvlakke met probleem”.

“Skep nie self die raakvlakke nie – die mense bring dit self na vore.”

“Is jy bereid dat ek my siening met jou deel... .”

“Kan nie pad met integriteit loop as ek nie iets van my eie agtergrond inbring nie.”

- Die Woord deurspoel hulle wese as pastors:

“...is geprejudiseer deur die Skrif”.

“... die basis waarvan ek werk”.

“Woordbeginsels en waardebeginsels is vervleg met pastor - menswees.”

“Bybel deel van my lewe, is wie ek is.”

“Die Woord is deel van my mens- en pastorwees.”

- Kan nie neutraal staan teenoor die Skrif nie:

“... bepaal my identiteit”.

“... kan nie neutraal bly nie”.

“Kan nie meer met integriteit meer in proses betrokke wees en nie hierdie deel van myself in die gesprek inbring nie.”

“Ek kan nie sien dat ek ’n persoon neutraal sien sonder my eie verhaal, my eie integrasie van die Skrifboodskap nie.”

- Die Bybel en sy inhoud is belangrik in pastoraat:

“...die Woord is bepalend, rigtinggewend in pastoraat”.

“... werk met Woordbeginsels”.

“... daar kom ’n onthulling, ’n ontlading en vir my is die hoogtepunt daarvan as die Skrifboodskap en God ook prominent deel is daarvan”.

- Probeer raakvlakke vind met die Skrif:

“Koppel kliënt se storie aan Bybel.”

“... geïnteresseerd in mense se opinies oor God, vra hoe hulle God in die situasie ervaar”.

4.5.1.2 Die konsepte: **Storie/Verhaal**

- Beide die medenavorsers het hier die volgende onderskeid gemaak: die Bybelse Verhaal of God se Verhaal, die pastor se eie verhaal en die kliënt se verhaal.

- Die Bybelse Verhaal:

“... het ’n kragtige effek dra by tot unieke uitkomst”.

“... het raakvlakke/ verbintenisse met leuenstories”.

- Die Pastor se eie verhaal:
Deel van sy verhaal is God in sy verhaal.
“...die wonderlike verhale van die Skrif is in ons lewens ingeweef”.
Vra of hy sy storie mag inbring!
Groter verhaal deurspoel sy hele wese.
“... ek kan nie bestaan en sin vind los van my verhouding met die Here en los van die Woord nie”.
As pastor is Bybel deel van sy identiteit.

- Die kliënt se verhaal:
Probeer die persoon se verhaal van “binne” verstaan.
Die kliënt se storie staan voorop.
“Dit is die pastorant se verhaal wat voorkeur geniet.”
Help persoon reflekteer op sy verhaal.
Soek raakvlakke met Bybelse verhale.
“... om stories te integreer en erns te maak met die lewensverhale en ons verhale in verband te bring met die Skrif se verhale en God se Verhale met ons lewens”.

4.5.1.3 Die konsepte: **Pastor/Berader**

- Die pastor is iemand met ’n bepaalde geskiedenis, agtergrond, deur die Here geroep.
“... die leraar as ’n gesalfde of ’n geroepene van God”.

- Beoefen terapie vanuit 'n Christelike basis. 'n Gesalfde met 'n bepaalde storie.
- Beide medenavorsers sien hulself as mede-reisgenote.
“Dit is vir my wesenlik, dit is 'n gesamentlike poging om sin te vind.”
- Werk mee in die soeke van die pad.
“Daar moet altyd op 'n manier jou gespreksgenoot die keuse gegee word.”
- Dink saam oor nuwe uitkomst.
“So ja, ek soek saam met die persoon vir betekenis.”

Daar was ook ander groeperings soos probleem/lewenskrisis, raakvlak en struktuur wat net by een van die twee gespreksgenote voorgekom het en daarom nie met mekaar vergelyk kon word nie. Ek moet dit egter noem dat hierdie groeperings van woorde nie om die rede in die voorlopige afleidings geïgnoreer is nie.

4.5.2 Vergelyking van verskille

Hier het een aspek na vore gekom uit die gesprekke met die medenavorsers. Pieter het sterk gevoel wanneer mense hom kom sien, is dit met die bepaalde verwagting dat hulle 'n dominee kom sien wat met die Bybel werk. Daar is 'n besliste verwagting dat die Woord integraal deel van die proses sal wees.

- “... wanneer iemand my kom sien vir terapie behoort hy of sy te weet hulle is in vir 'n ding, in die sin, ek nie 'n neutrale persoon is nie”.
- “Ek het nie lus daarvoor dat mense my tyd kom mors nie...”
- “... ja, ek trek as Christen-pastor weg en eindig met my terapie as Christen-pastor”.

Hierteenoor is Gert se ervaring dat die mense wat hom kom sien se vertrekpunt nie noodwendig is dat hulle 'n dominee kom sien nie. Hulle kom sien iemand vir ondersteuning en bystand. Dit wil sê, die verwagting by die pasiënt of familie is nie dat daar by die Bybel spesifiek uitgekom moet word nie.

- “Ek... ek sien nie die Woord of die gebruik van die Woord dus as een of ander “tool” wat... wat ek moet gebruik of op 'n manier moet half inbring of moet manipuleer of wat ook al nie.”

Gert het ook dan nie 'n probleem as die Woord glad nie ter sprake kom nie. Wat wel gebeur, indien die geleentheid hom voordoen, sal hy die geleentheid as pastorale berader aangryp om met die mense oor die evangelie te praat.

Dit moet duidelik gestel word dat die verskil nie is dat Pieter voel die Woord moet ter sprake kom en Gert nie so voel nie. Vir beide die medenavorsers is die gebruik van die Woord en die beginsels van die Woord 'n saak van groot erns. Dit is in die verwagtings van die persoon wat die berader kom sien, waar die verskil lê.

Deel van die verklaring vir die verskillende ervarings vind ek in die praktiese omstandighede waarbinne die pastorale beraders werk. Daar moet ook vermeld word dat dit nie so beplan was in die uitkies van die medenavorsers nie, maar toevallig na vore gekom het in die navorsing. Pieter is 'n gemeenteleraar wat sy pastoraat beoefen in sy studeerkamer waar meestal lidmate hom nader vir pastoraat. Gert is betrokke by 'n hospitaal, waar 'n ondersteuningsdiens gelewer word aan die pasiënte en hulle families in 'n tyd van krisis of nood. Hierdie hulp en ondersteuning word nie noodwendig gekoppel aan die “geestelike” aspek nie.

Die interessante is dat ten spyte van die verwagting van die kliënt of die bepaalde praktiese situasie, gaan beide van die medenavorsers van die standpunt uit dat hulle 'n geleentheid soek/skep waar die Woord op 'n ongeforserde wyse in die gesprek ingebring kan word.

- "... sonder uitsondering kom daar 'n punt waarop ek gewoonlik iets sê soos: luister jy weet nou ek werk vanuit 'n Christelike oogpunt. Gee jy om as ek iets van my verhaal in die storie inbring?"
- "... daar is nie lewensvraagstukke/lewensprobleme wat geopper word wat nie 'n raakvlak met die Bybel het nie".

4.6 Voorlopige afleidings rondom die temas en konsepte

Die luister, die lees en die bestudering van die gesprekke het inderdaad 'n enkele doel voor oë. Dit is 'n poging om so goed moontlik te hoor, te verstaan en die betekenis van elke medenavorser te vind in sy eie data. Die essensie is: wat wil die persoon sê en wat wil hy hê moet ek hoor as medenavorser. De Vos *et al.* (2002:344) beklemtoon soos volg:

“Here the researcher does not search for exhaustive and mutually exclusive categories of the statistician, but instead seeks to identify the salient, grounded categories of meaning held by participants in the setting.”

Rubin en Rubin (1995:226) stel die volgende voor: “The goal is to integrate the themes and concepts into a theory that offers an accurate, detailed yet subtle interpretation of your research arena.”

In die bymekaarbring van die verskillende konsepte in die verskillende gesprekke het die volgende temas na vore gekom:

- Die Woord/Skrif /Bybel.
- Die Storie/verhaal. Dit sluit klein en groot stories in.
- Die pastor/berader se rol en funksie.

Die doel van die voorlopige afleidings vanuit die vergelyking van die twee mede-navorsers se gesprekke is om in 'n fokusgroepgesprek die veronderstellings en aannames te toets teenoor persone wat dieselfde belangstelling deel. Rubin en Rubin (1995:190) sê in hierdie verband: “In focus groups, the goal is to let people spark off of one another, suggesting dimensions and nuances of the original problem that any one individual might not have thought of.” De Vos *et al.* (2002:305) sluit hierby aan deur te sê:

“The group is ‘focused’ in that it involves some kind of collective activity. The researcher creates a tolerant environment in the focus group that encourages participants to share perceptions, points of view, experiences, wishes and concerns, without pressurising participants to vote or reach consensus.”

4.6.1 Afleidings ten opsigte van die Skrif/Woord/Bybel

Die Woord speel beslis 'n belangrike rol in die narratief-pastorale gesprek. Hoe die Woord egter ter sprake kom daarin verskil die narratiewe model. Vir die mede-navorsers staan die verhaal van die Bybel nie voorop nie. Maar met “voorop” word daar glad nie bedoel dat die verhaal van die Bybel nie belangrik is nie. Die Bybel en

sy verhale kry prominensie op 'n ander wyse in die narratief-pastorale gesprek. Deel van die narratiewe model se uitgangspunt is dat ek na die verhaal van die ander persoon sal luister. Die persoon wat die pastor kom sien se verhaal bly die vertrekpunt en is die verhaal waarop gefokus behoort te word.

Hier kan dit gebeur dat die persoon self die Woord van God in sy verhaal inbring. Die mening van die medenavorsers is, dat hierop gereageer moet word deur die geleentheid te benut en die Bybelse verhaal in die gesprek te gebruik in die soeke na nuwe betekenis. Die probleem is egter as die persoon nie self die Woord van God in sy verhaal inbring nie – hoe nou gemaak? Die ervaring van die medenavorsers is dat in die narratief-pastorale gesprek daar baie ruimte is om die Woord op 'n ongeforceerde en natuurlike wyse in die gesprek in te bring. Een moontlikheid is om te luister vir bepaalde raakvlakke met die Woord in die persoon se gesprek. Die persoon mag dalk nie self direk verwys na die Woord nie, maar mag woorde opper soos onder andere vrees, alleenheid, dood en verraad wat raakvlakke met die Woord het. Die gevoel is dat hierdie raakvlakke benut kan word om só die Woord sonder spanning in die gesprek in te bring. Tydens die dekonstruksiefase van die persoon se verhaal is daar ruim geleentheid om die voorgenoemde te kan doen. Baie keer ontstaan die geleentheid eers na die derde of vierde gesprek, en die pastor moet hiervoor geduldig wag.

Die medenavorsers gaan verder van die standpunt uit dat die verhaal van die Bybel nie alleen net 'n raakvlak/verbintenis met die mense se lewenstories het nie, maar ook 'n kragtige effek op die lewenstories se uitkoms kan hê. Die verhaal van die Bybel dra inderdaad by tot nuwe betekenis en unieke uitkomst. Die Bybelse verhaal verhelder

en verlig nie alleen die verhale van seerkry en “stuckness” nie, maar bring nuwe hoop en ’n nuwe toekomsverhaal. Die medenavorsers is baie sterk van mening dat die pastor nie die Bybelse verhaal kan afdwing of forseer op iemand anders se verhaal nie. Tog moet die pastor oop en sensitief wees vir die moontlike geleentheid om die unieke verhaal van die Woord van God te gebruik om die lewensverhaal van die kliënt te verhelder, te vernuwe en weer sin daaraan te gee. Dit vra uit die aard van die saak vir ’n oop gemoed en ’n bepaalde kreatiwiteit by die pastor.

4.6.2 Afleidings ten opsigte van die storie/verhaal

Die onderskeid wat die medenavorsers gemaak het ten opsigte van die verskillende verhale wat ter sprake gekom het was opvallend. Die interessante binne die sosiaal-konstruksionisme en die narratiewe benadering is die teenwoordigheid van verskillende verhale. Daar is in enige bepaalde situasie verskeie verhale/ stories wat ’n rol speel en ’n invloed uitoefen op die betekenis en uitkoms van die gebeure. So erken die navorsers dan ook dat naas die Bybelse verhaal, twee ander verhale in die narratief-pastorale gesprek ’n belangrike rol speel, naamlik:

- die pastor se eie verhaal, en
- die verhaal van die kliënt.

In die vergelyking van die medenavorsers se gesprekke het dit sterk na vore gekom dat hulle eie lewensverhale duidelik ingekleur word deur hulle ervarings en belewenisse van God in hulle eie lewenstories. In die verhale van die pastors blyk dit duidelik dat die groter storie van die Bybel hulle hele wese deurspoel. In ’n groot deel van hulle verhaal is God teenwoordig. Die sin en betekenis van hulle eie lewenstorie kan nie

losgemaak word van hulle verhouding met die Here en sy Woord nie. In 'n groot mate dra hulle verhouding met God by tot die identiteit van wie hulle is en wat hulle doen.

Die medenavorsers is beide van mening dat hierdie persoonlike lewensverhale nie eenkant los staan van wat hulle as pastors doen nie. In die eerste plek is die verhouding met God en sy Woord daarvoor verantwoordelik dat hulle hulself sien as “pastorale” beraders en dat hulle “Christelik” in hulle berading/optrede is. Hulle kan nie neutraal staan teenoor die Woord of selfs teenoor die persoon wat hulle kom sien nie. Beide kan nie met integriteit in die pastorale proses betrokke wees, sonder om iets van hulle eie lewensverhaal 'n rol te laat speel nie. Om die pad met integriteit te loop bied die moontlikheid aan die medenavorsers om vir die kliënte te vra of hulle iets van hulle eie lewensverhale in die storie mag inbring. Hulle doen dit nie met die doel om iets van hulle verhaal of van God se Verhaal te forseer nie, maar as mede-reisgenote in 'n soeke na nuwe betekenis en sin. Die lewensverhaal van die pastor en sy ervaring met God bied beslis 'n ander moontlike uitkoms wat ondersoek kan word. Dit behels die fyn kuns en tegniek om met sensitiwiteit en integriteit die unieke Verhaal van God se betrokkenheid in die berader se lewensverhaal in te bring. Die verhaal van die kliënt bly voorop en nie die verhaal van die pastor nie.

Die feit bly egter staan dat die pastor nie die kliënt kan sien as iemand los en neutraal van sy eie verhaal, waarin God die belangrikste rol speel nie. Die pastor moet dit erken en daarmee rekening hou in sy optrede, want dit is wie hy is en dit is deel van sy identiteit. Albei die medenavorsers bevestig dat hulle eie lewensverhale dus nie geïgnoreer kan word nie, maar liever die moontlikheid bied om die Verhaal van God op 'n ongeforceerde wyse in die proses te mag inbring.

Rondom die kliënt se verhaal is die medenavorsers dit eens dat daar met groot erns gepoog moet word om die verhaal “van binne” te verstaan. Die verhaal en die betekenis van die verhaal vir die kliënt, is wat voorkeur moet geniet. Tog moet daar in die refleksie proses saam met die kliënt gesoek word vir ’n moontlike opening om laasgenoemde se storie te integreer en in verband te bring met die Skrif se verhale en God se Verhaal in ons almal se lewens.

4.6.3 Afleidings ten opsigte van die pastor/berader

Beide die medenavorsers het sterk klem gelê daarop dat hulle mede-reisgenote in die verhaal is. Dit is vir die pastors ’n gesamentlike reis, ’n saam soeke na sin en betekenis. Daar word saam gedink oor nuwe “uitkomst”, maar van belang is dat die keuse of besluit uiteindelik dié van die kliënt bly. ’n Verdere gedagte rondom die woord “pastor” is dat dit iemand is wat met ’n bepaalde agtergrond of geskiedenis deur die Here geroep is. As ’n gesalfde en geroepene van die Here word die pastoraat vanuit ’n bepaalde hoek beoefen. As mede-reisgenote het hierdie roeping ’n besliste invloed, nie net op die verhaal van die pastor nie, maar ook op die verhale waarby sodanige betrokke raak. Die pastor is en bly daarom die gesalfde met ’n bepaalde storie waaraan hy getrou moet bly om waarlik pastor te wees. Dit beteken nie dat die pastor altyd met ’n antwoord gereed moet wees nie. Deur bloot die bloed te laat vloei tussen die verhale, word daar uitgekome by ’n sinvolle en nuwe toekomsverhaal.